# Praat

## Week 3

# Wanhoop & Twyfel



## Inhoud


Agtergrond .................................... 1
Opname – Oriëntasie .................... 1
Ontmoet die karakter........................1

Ondersoek – Disoriëntasie ..............2
**Elifas (4:7-8)** ......................................2
**Bildad (8:6) ........................................ 2**
**Sofar (11:5-6)** ....................................3
en **Elihu (33:14)**. ................................3
Ek Praat ...............................................3

Behandeling – Heroriëntasie ..........3
Voorskrif- Nuwe geloofsgewoontes 4
'n Paar praktiese idees… .................4


## Agtergrond

**Wanhoop** en **vertwyfeling** is iets wat ons probeer systap in die lewe, maar soos die lewe vervleg is met die goeie en die slegte, vind ons onsself partykeer onverwags op hierdie bankie. Wanneer dit gebeur, dan plak ons vas aan hierdie bankie asof dit so pas oorgeverf is. Ons lewe is veronderstel om 'n beweging te wees, maar nou, nou steek ek vas op hierdie bankie.

## Opname – Oriëntasie

Het jy jouself al op 'n plek in jou lewe bevind waar jy ***geen redding meer moontlik ag nie?*** Hierdie bankie waarop ons moedeloos gaan sit se naam is **wanhoop** of **vertwyfeling**. Dit is op hierdie bankie waar 'n mens na die laaste oord toe draai vir antwoorde en hoop – **God**. Op hierdie bankie is daar gewoonlik 'n paar vrae wat 'n mens vir jouself afvra:

- Hoe lyk 'n ideale verhouding met God?
- Hoe sorg 'n ideale God dan vir 'n mens?
- Hoe pas wanhoop en vertwyfeling vir jou by hierdie prentjie van God?

### Ontmoet die karakter

Die Jode het ook op 'n bankie vasgesteek. Die Joodse **samelewing was 'n ontwrigte een** gedurende die vroeë fase van die Persiese oorheersing wanneer hierdie verhaal van Job afgespeel het. 'n Aansienlike groep mense is deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer (586 v.C.) en diegene wat agtergebly het, het **gesukkel om 'n bestaan te maak**.

Heelwat van hulle was verarmde kleinboere wat van die hand na die mond geleef het.

# Praat

Daar het mettertyd weer 'n klompie vermoënde mense op die toneel verskyn wat as die nuwe elite getipeer kan word. Sommige van die elite het nie veel ooghare gehad vir die sukkelende kleinboere op hulle onekonomiese plasies nie en was dikwels daarop uit om hulle grond in die hande te kon kry.

**Job** was egter een van hierdie **elite groep**. Die lewe het mooi voorspoedig vir Job geloop Hy het ***goud*** besit (31:24-25), ***landerye*** en ***veekuddes*** gehad (30:1; 31:20) en ***slawe*** en ***veewagters*** aangehou (30:1; 31:13). Hy was 'n ***gerespekteerde burger*** op wie se raad mense staat gemaak het. Hy het in die stadspoort as regter opgetree en het ook deel gevorm van die stad se ***bestuursliggaam*** (29:7-10). Job word ook geskets as 'n man wat ***begaan*** was oor die ***lot van die armes, wese en weduwees***.

## Ondersoek – Disoriëntasie

Een middag kom ***'n boodskapper*** by Job aan en vertel dat mense uit Skeba al sy osse en donkies gesteel het, sowel as sy slawe. Toe kom ***'n tweede boodskapper*** en vertel dat weerlig Job se wagters en kleinvee doodgeslaan en verbrand het. Toe kom ***'n derde boodskapper*** en vertel 'n groep Galdeërs het die kamele geroof nadat hulle die slawe doodgemaak het. Hy was ook nog aan die praat toe kom daar ***'n vierde boodskapper*** en vertel hoe 'n sterk wind vanuit die woestyn die huis waarin al sy kinders partytjie gehou het inmekaar laat sak het en dat hulle ALMAL dood is! (1:13-19)

Job het sy klere geskeur en hare afgeskeer, op die grond gaan lê en gesê:

*"Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here."*

Onder alles het Job nie gesondig of God verwyt nie. (Job 1:20-22) Job het homself ook op die bankie van **wanhoop** en **vertwyfeling** bevind.

Job en die Joodse-samelewing het geglo dat as jy ***reg doen en gehoorsaam*** is, God jou sal ***seën en beskerm***, dit het hulle immers hoop gegee. Dit was 'n **oorsaak-gevolg** God (in gesprek met die wysheid van Spreuke). Nou is Job se ***prentjie van God verpletter*** en hy bevind homself vasgenael aan hierdie bankie.

Job vertel van **3 vriende** (later 'n vierde een) wat hom probeer help het in sy wanhoop en vertwyfeling. Hier volg in der waarheid 4 stemme wat 'n verkeerde diagnose maak:

### Elifas (4:7-8)

*"Dink daaroor na: het iemand ooit onskuldig te gronde gegaan?" (4:7-8)*

Job moes volgens die "vergeldingsleer" iets verkeerd gedoen het. Die oplossing is dat Job net sy sonde moet erken en bely ("terug keer na God" soos sommige dit sou verwoord) en dan sal hierdie teëspoed eindig.

### Bildad (8:6)

*God verwerp nooit die opregte nie en staan ook nie dié by wat onreg doen nie. (Job 8:20)*

Bildad glo dat omdat dit met Job sleg gaan, moet God afwesig wees of hom verwerp het. Want volgens die "vergedlingsleer" sal God nie iemand verwerp wat opreg is en hom dien nie. "Oh boy", Bildad sou glad nie vir God in Jesus herken het nie! [Markus 2:17 - Jesus het dit

gehoor en Hy sê vir hulle: “Dié wat gesond is, het nie ’n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.]

### Sofar (11:5-6)

*Dan sou jy weet dat God jou nog nie eers vir ál jou sondesstraf nie. (Job 11:16)*

Sofar wil vir Job oortuig dat hy maar lig van sy sondes afgekom het. Eintlik is God op ‘n manier nog goed vir hom, want vir die goddeloses is daar net een uitkoms – en dit is om hulle laaste asem uit te blaas. Job kan nog met God reg maak. Sofar hou ook vas aan die “vergeldingsleer”.

Na hierdie 3 vriende praat Job weer en dan kom die laaste en vierde vriend,...

### en Elihu (33:14).

*“God spreek die mens aan, Hy huiwer nie om dit op meer as een manier te doen nie. (33:14)*

Elihu is vir die ander 3 vriende se dwase verklarings kwaad, maar hy is ook kwaad vir Job dat hy hom so onskuldig hou. Want dan impliseer Job dat God hom onregverdig behandel.

Elihu glo dat god nie maar net straf nie, maar ook sy kinders tugtig (33:14-18). God straf vooraf dat mense nie vroegtydig graf toe sal gaan nie. Daarom glo Elihu is daar geheime sondes in Job se lewe waarvan hyself nie eers bewus is nie. Elihu beskou homself as God se advokaat wat God moet verdedig en Job moet help om hierdie sondes te vind.

Dit is die diagnoses wat die vriende vir Job se situasie maak.

### Ek Praat

- Wat sou jy sê is die simptome van wan hoop en vertwyfeling?
- In ‘n situasie van terneergedruktheid wat lei tot ‘n gevoel van doelloosheid, betekenisloosheid of selfs negering (selfdood gedagtes), hoe vind ‘n mens dan weer hoop en moed, hoe kweek ‘n mens weer ‘n antisipering van die toekoms en beweeg weer aan?

## Behandeling – Heroriëntasie

Die fokus van spiritualiteit is nie innerlike vrede en aanpassing nie, meer eerder ’n beweging en ‘n pelgrimstog. Spiritualiteit is hoe ons geloof in ons daaglikse lewe verweef word. Dit bring ons by ‘n punt waar ons betekenisvol wil lewe.

*“True Christian spirituality is living a human life in union with God” (Prof. Daniel Louw).*

**Lees Job 38:1-5**

God wys Job die skepping, die ontembare diere... waarom? God wil vir Job sê dat ons Hom of die lewe nie kan verstaan of verklaar nie. Ons kan nie aan Hom vashou soos vir ons sekuriteit nie (soos aan die tou van ‘n reksprong (“bungee”) nie) – dit is God wat ons vas hou. Dit is in die bewuswording van hoe groot en magtig God is dat ons stil word.

Dit is in hierdie bewuswording waar die lewe weer perspektief kry. Dit is in die skadu van die allerheiligste God wat ons weer ons koppe kan

optel en met hierdie verlies kan verder lewe en beweeg. Dit is in die stilte van die dood waar Jesus weer opgewek word wat dan 'n belofte van lewe voor die dood vir ons elkeen ook inhou!

God bring Job in hulle verhouding op 'n punt van verwondering (sterre en diere) – in hierdie konteks van verwondering en stilte… beleef Job vertroue… God weet wat Hy doen en ek kan hom vertrou. God sorg vir Jesus in die dood, God sorg vir elke mossie en lelie in die veld. Soos die kinderliedjie tereg se, "in Sy hande, hou Hy die hele-hele wêreld".

## Voorskrif- Nuwe geloofsgewoontes

Daar kan mense in jou lewe wees wat vreemde diagnoses maak. Daar kan ook vriende in jou lewe wees wat God se teenwoordigheid meer tasbaar maak. Dit is in die bewuswording dat jy in die hande van die onverstaanbare, almagtige God, wat jou lief het en lewe skenk, wat jy jou kop kan optel en voort kan beweeg op jou lewensreis. 'n Paar praktiese idees…

## 'n Paar praktiese idees…

Dus sal ek vir jou voorskryf om 'n geloofsgewoonte aan te kweek: sit elke dag in die natuur, of onder die sterre, of op 'n rustige plek waar jy vir 10-30 minute stil word. In die stilte niks te praat of te gebruik om oor goed te dink nie, maar bewus te word van God se teenwoordigheid. Dus in God te rus. Bewonder Hom vir dit wat jy in die stilte ervaar!

## Notas